Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom

Republiek van Suid-Afrika

AKTE VAN OPRIGTING VAN

DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK (MSW)

REGISTRASIENOMMER: 2002/013431/08

wat 'n maatskappy sonder winsoogmerk is, met lede, en waarna in die res van hierdie Akte van Oprigting ("Akte") as "die Maatskappy" [of "die Akademie"] verwys word.

AANNEMING VAN AKTE

Hierdie Akte is deur middel van elektroniese rondskrywe aanvaar.

INHOUDSOPGAWE

INHOUDSOPGAWE **2**
ARTIKEL 1 – UITLEG **3**
ARTIKEL 2 – NAAM, OPRIGTING EN AARD VAN MAATSKAPPY **4**
2.1 NAAM EN OPRIGTING 4
2.2 DOELSTELLINGS EN BEVOEGDHEDE VAN DIE MAATSKAPPY 4
2.3 WYSIGING VAN AKTE VAN OPRIGTING EN DIE MAAK VAN REGLEMENTE 5
2.4 LEDE VAN DIE MAATSKAPPY 5
ARTIKEL 3 – DIREKTEURE EN AMPSDRAERS **5**
ARTIKEL 4 – ALGEMENE BEPALINGS **15**
BYLAE 1 – OPRIGTING EN AARD VAN MAATSKAPPY **17**
BYLAE 2 – LIDMAATSKAP **17**

ARTIKEL 1 – UITLEG

1.1 By die uitleg van die Akte, en tensy teenstrydig met of uitgesluit deur die onderwerp of die konteks:

1.1.1 sluit enige woord of uitdrukking wat –

1.1.1.1 die enkelvoud aandui, ook die meervoud en omgekeerd in;

1.1.1.2 die manlike aandui, ook die vroulike en onsydige geslagte in;

1.1.2 dra enige woord of uitdrukking wat in die Wet omskryf word en nie in Artikel 1.1.5 gedefinieer word nie, die statutêre betekenis in die Akte;

1.1.3 dra enige woord, uitdrukking of sinsnede wat nie in die Wet of Artikel 1.1.5 gedefinieer word nie, die gewone betekenis;

1.1.4 word aan elke term, bevoegdheid of magtiging die wydste moontlike vertolking verleen;

1.1.5 beteken elk van die volgende terme en uitdrukkings die volgende:

1.1.5.1 “Akte” die Akte van Oprigting van die Maatskappy soos van tyd tot tyd gewysig;

1.1.5.2 “Akademieraad” die Direksie van die Maatskappy;

1.1.5.3 “Lid van Akademie” beteken die persone soos omskryf in Bylae 2;

1.1.5.4 “Lid van Akademieraad” ’n lid van die Direksie;

1.1.5.5 “Raadslede” die Direkteure;

1.1.5.6 “Hoof Uitvoerende Beampte” beteken die persoon wat aangestel is om die pligte van die sekretaris van die Akademie uit te voer;

1.1.5.7 "Fakulteit" – beteken twee fakulteite, naamlik Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe en Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie;

1.1.5.8 “elektronies” of “elektroniese kennisgewing” enige vorm van elektroniese oordrag deur die Direkteure goedgekeur vir gebruik om onder andere omsendbriewe, statutêre kennisgewings, finansiële state, kennisgewings, volmagvorms en ander dokumente en inligting met betrekking tot die Maatskappy uit te reik, aan te bied, af te lewer, te beteken, en op rekord te stel;

1.1.5.9 “SAAWK” of “Maatskappy” Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (Maatskappy sonder Winsbejag), ’n maatskappy sonder winsoogmerk, met registrasienommer 2002/013431/08;

1.1.5.10 “filiaal” met betrekking tot filiale van die SAAWK, ’n maatskappy soos in Artikel 3 van die Wet bedoel;

1.1.5.11 “kantoor” die geregistreerde kantoor van die Maatskappy van tyd tot tyd;

1.1.5.12 “persoon” sluit in enige natuurlike persoon, maatskappy of regspersoon, ’n statutêre liggaam, ’n vennootskap of ’n vereniging van persone, na gelang van die geval;

1.1.5.13 “reglemente” die reglemente van die Maatskappy, soos deur die direksie gemaak ingevolge Artikel 15(3) tot (5) van die Wet.

1.1.5.14 “Republiek” die Republiek van Suid-Afrika;

1.1.5.15 “sekretaris” die sekretaris van die Maatskappy van tyd tot tyd;

1.1.5.16 “skriftelik” sluit in drukwerk, tikskrif, litografie of enige ander meganiese proses, of gedeeltelik die een en gedeeltelik die ander;

1.1.5.17 “stembrief” is 'n geskrewe stembrief, hetsy geheim al dan nie, en sluit in stemming deur middel van enige toepaslike elektroniese meganisme;

1.1.5.18 “vergadering” is 'n direksievergadering;

1.1.5.19 “Wet” die Maatskappywet, 71 van 2008, soos van tyd tot tyd gewysig;

1.1.5.20 “Algemene Jaarvergadering” is 'n vergadering van alle lede wat jaarliks plaasvind.

1.2 Die Bylaes tot die Akte vorm deel van die Akte.

ARTIKEL 2 – NAAM, OPRIGTING EN AARD VAN MAATSKAPPY

2.1 NAAM EN OPRIGTING

2.1.1 Die naam van die Maatskappy is DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS (MSW). Die verkorte vorm van die naam is die SAAWK [of die Akademie].

2.1.2 Hierdie Akte vervang die Maatskappy se Akte van oprigting en Statute ingevolge Item 4(2) van skedule 5 van die Wet (*oorgangsbepalings*).

2.1.3 Die Maatskappy is opgerig as ’n maatskappy sonder winsoogmerk, soos in die Wet omskryf.

2.1.4 Die Maatskappy is opgerig in ooreenstemming met, en word beheer deur:

2.1.4.1 die onveranderbare bepalings van die Wet wat op niewinsmaatskappye van toepassing is;

2.1.4.2 die bepalings van die Wet sonder enige beperking, uitbreiding, verandering of substitusie; en

2.1.4.3 die bepalings van die Akte.

2.2 DOELSTELLINGS EN BEVOEGDHEDE VAN DIE MAATSKAPPY

2.2.1 Die hoofdoelstelling van die Maatskappy is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en die gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika.

2.2.2 Die Maatskappy het verder die volgende aanvullende doelstellings wat in ooreenstemming met die hoofdoelstelling uitgevoer word, naamlik om:

2.2.2.1 aangeleenthede van openbare belang te ondersoek en op grond van die bevindinge meningvormend en adviserend op te tree;

2.2.2.2 norme te bepaal ten bate van die gebruik en ontwikkeling van die Afrikaanse taal in al sy funksies;

2.2.2.3 wetenskaplike tydskrifte, handboeke, vakwoordeboeke en ander publikasies uit te gee, elektronies te versprei, en ander aksies te onderneem;

2.2.2.4 hoogstaande prestasies op die verskillende terreine van die Wetenskap en die Kunste te bevorder en uitnemendheid met pryse en toekennings te bekroon;

2.2.2.5 enige regte en voorregte te verkry wat hy nodig of nuttig ag;

2.2.2.6 amptenare van die Maatskappy aan te stel, hulle te besoldig en hulle dienste te beëindig.

2.2.3 Die bevoegdhede van die Maatskappy is onderworpe aan die beperkings en kwalifikasies bedoel in Artikel 19(1)(b)(ii) van die Wet, soos in Deel A van Bylae 1 van die Akte uiteengesit.

2.2.4 By die ontbinding of likwidasie van die Maatskappy word sy netto bates uitgekeer op die wyse soos bepaal in Deel C van Bylae 1 van die Akte.

2.2.5 Die SAAWK word organisatories saamgestel deur:

2.2.5.1 Lidmaatskap;
2.2.5.2 Die Akademieraad;
2.2.5.3 Fakulteite;
2.2.5.4 Kommissies;
2.2.5.5 Afdelings;
2.2.5.6 Werkgemeenskappe;
2.2.5.7 Taakgroepe; en
2.2.5.8 Die Algemene Jaarvergadering.

2.3 WYSIGING VAN AKTE VAN OPRIGTING EN DIE MAAK VAN REGLEMENTE

Spesiale besluite

2.3.1 Hierdie Akte mag slegs verander of gewysig word, ooreenkomstig Artikels 16, 17 of 152(6)(b) van die Wet, onderworpe aan die bepalings bedoel in Artikel 16(3) en soos in Deel D(1) van Bylae 1 van die Akte uiteengesit.

Reglemente

2.3.2 Die bevoegdheid van die Maatskappy se Direkteure om reglemente te maak, soos bedoel in Artikel 15(3) tot (5) van die Wet, is beperk soos uiteengesit in Deel D(2) van Bylae 1 van die Akte.

2.3.3 Die Maatskappy publiseer reglemente wat gemaak is ooreenkomstig die bepalings soos uiteengesit in Deel D(2) van Bylae 1 van die Akte.

2.3.4 Die Maatskappy publiseer ’n kennisgewing van enige wysiging van die Akte of van die reglemente wat gemaak is ingevolge Artikel 17(1) van die Wet op die wyse soos uiteengesit in Deel D(2) van Bylae 1 van die Akte.

2.4 LEDE VAN DIE MAATSKAPPY

2.4.1 Die terme en voorwaardes van lidmaatskap in die Maatskappy is in Bylae 2 van die Akte uiteengesit.

ARTIKEL 3 – DIREKTEURE EN AMPSDRAERS

3.1 DIE AKADEMIERAAD (hierna genoem die **"Raad")**

3.1.1 Samestelling en funksionering

3.1.1.1 Die Akademieraad bestaan uit ’n maksimum van negentien (19) lede, in die volgende groepe aangewys:

(a) Twaalf lede, ses uit elke fakulteit, waarvan minstens een uit elke fakulteit uit die Suidelike Provinsies (Wes- Oos- en Noordkaap), minstens een uit elke fakulteit uit die Sentrale Provinsies (Vrystaat, Noordwes en Kwazulu-Natal) en minstens een uit elke faktulteit uit die Noordelike Provinsies (Gauteng, Mpumalanga en Limpopo), word deur middel van elektroniese of gewone pos verkies.

(b) Die voorsitter van die Oudit- en Risikobestuurkomitee ex officio lid.
(c) Die voorsitters van die redaksiekomitees van die twee tydskrifte van die Akademie ex officio lede.
(d) Ex officio-lede by paragrawe (b) en (c) het stemreg in die Akademieraad.
(e) Die Raad mag drie (3) lede koöpteer tot aan die einde van die betrokke termyn indien nodig.

3.1.1.2 'n Raadslid mag drie (3) termyne van drie (3) jaar elk dien, indien hy/sy herkies word, waarna hy/sy moet uittree vir 'n tydperk van drie (3) jaar en daarna herkiesbaar is tensy die lid as voorsitter of ondervoorsitter verkies word.

3.1.1.3 Die Raadslede genoem in 3.1.1.1.(a), (b) en (c) hierbo kies uit eie geledere 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter, afwisselend tussen die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe, en uit die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie. Die voorsitterskap en ondervoorsitterskap roteer normaalweg elke termyn tussen die twee fakulteite.

3.1.1.4 Die Raadslede genoem in 3.1.1.1(a), (b) en (c) hierbo kies uit die totale Raad vier lede (twee uit die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe, en twee uit die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie) om saam met die voorsitter en die ondervoorsitter van die Raad en die voorsitter van die Oudit- en Risikobestuurkomitee op die Dagbestuur te dien (kyk ook paragraaf 3.1.14).

3.1.1.5 Die kworumvereiste vir Raadsvergaderings is vyftig persent (50%) van die lede plus een.

3.1.1.6 Die Raad vergader minstens twee maal per jaar.

3.1.1.7 'n Tussentydse vakature kan deur die Raad self aangevul word met inagneming van die gelyke verteenwoordiging van die twee fakulteite.

3.1.2 Algemene Jaarvergadering

3.1.2.1 Die Raad reël minstens een algemene vergadering per jaar van alle Akademielede op 'n datum en plek deur die Raad bepaal.

3.1.2.2 Die Raad bepaal die program van die verrigtinge, en lê 'n verslag van werksaamhede van die Akademie gedurende die voorafgaande jaar, sowel as 'n finansiële verslag, aan die algemene vergadering voor.

3.1.2.3 Die kworumvereiste vir die Algemene Jaarvergadering is vyftien (15) lede plus een (1).

3.1.2.4 Indien minstens een-twintigste van al die lede van die Akademie 'n skriftelike versoek daartoe aan die Voorsitter rig, moet die Raad 'n algemene vergadering hou binne ses weke na ontvangs van die versoek. Alleen sake in die versoek genoem en sake wat deur die Raad vooraf op die agenda geplaas is, mag op so 'n vergadering behandel word.

Die lede kan 'n spesiale besluit neem op 'n algemene vergadering waarvan minstens 21 tussenin-liggende dae kennis gegee is, met spesifieke vermelding van die voorneme om die besluit as 'n spesiale besluit voor te stel, die bepalings en uitwerking van die besluit en die redes daarvoor ingevolge die bepalings van Artikel 65 van die Wet.

3.1.2.5 Insae in die notule:

Die notule gehou van elke algemene vergadering van die Akademie/Maatskappy kragtens Artikel 63 van die Wet, is ter insae en [kan/mag] gekopieer word soos in Artikels 24 en 26 van die Wet bepaal.

3.1.2.6 Gevolmagtigdes:

Die dokument waardeur 'n gevolmagtigde vir 'n lid van die Akademie aangestel word om die algemene vergadering by te woon en te stem, moet skriftelik wees.

Die dokument waardeur 'n gevolmagtigde aangestel word, is in die vorm hierna, of so na daaraan as wat omstandighede toelaat.

(**Nota:** 'n Lid wat geregtig is om aanwesig te wees om te stem, is geregtig om 'n ander Akademielid as gevolmagtigde aan te stel om in sy plek aanwesig te wees, te praat en by 'n stemming met stembriefies te stem.)

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Ek, ... van (plek).....

synde 'n lid van .....

stel hiermee aan:

..... of ..... indien hy nie

..... of ..... indien hy nie

..... of .....

Namens en ten behoewe van my op die Algemene Jaarvergadering of algemene vergadering (na gelang van die geval) van die Akademie/Maatskappy, gehou te word op die ..... dag van ..... 20..... en 'n verdaging daarvan, soos volg te stem:

	Buite	Ten gunste	Teen
Besluit om	.....	.....	.....
Besluit om	.....	.....	.....
Besluit om	.....	.....	.....

(Dui opdrag aan gevolmagtigde aan by wyse van 'n kruisie in die ruimte hierbo voorsien)

Tensy anders opgedra, kan my gevolmagtigde stem soos hy/sy goeddink.

Geteken te ..... hierdie ..... dag van .....20.....

.....

HANDTEKENING

3.1.3 Raadslede

3.1.3.1 Die Raad kan portefeuljes aan Raadslede toewys.

3.1.4 Bevoegdhede en pligte van Raadslede

Die sake van die Akademie word bestuur deur die Akademieraad wat alle onkoste wat met die oprigting en inlywing van die Akademie aangegaan is, kan betaal en al die bevoegdhede van die Akademie kan uitoefen wat nie deur die Wet of deur hierdie Akte deur die Akademie op 'n algemene vergadering uitgeoefen moet word nie. Dit is onderworpe aan hierdie Akte, aan die bepalings van die Wet en aan die regulasies, wat nie in stryd met die voormelde Akte of bepalings is nie, wat die Akademie op 'n algemene vergadering voorskryf. Geen regulasie wat die Akademie op 'n algemene vergadering voorskryf, maak enige voorafgaande handeling van die Akademieraad wat geldig sou gewees het as so 'n regulasie nie voorgeskryf was nie, ongeldig nie.

3.1.5 Leningsbevoegdheid

Die Akademieraad kan al die bevoegdhede van die Akademie uitoefen om geld te leen en om sy onderneming en goed of 'n deel daarvan met verband te beswaar of te bind, in oorleg met die Oudit- en Risikobestuurkomitee.

3.1.6 Notule

Die Akademieraad moet ingevolge Artikel 204 van die Wet, notule laat hou van:

(a) alle aanstellings van amptenare;
(b) die name van Raadslede wat op elke vergadering van die Akademie en van die Raad aanwesig is; en
(c) alle verrigtinge op alle vergaderings van die Akademie en van die Raad.

Sodanige notule moet deur die voorsitter van die vergadering waarop die verrigtinge plaasgevind het, of deur die voorsitter van die eersvolgende vergadering, onderteken word.

3.1.7 Diskwalifikasie van Raadslede

Die amp van lid van die Akademieraad word ontruim as die Raadslid:

(a) ophou om 'n Raadslid te wees of verbied word om 'n Raadslid te wees uit hoofde van 'n bepaling van die Wet; of
(b) sonder die toestemming van die Akademie, verleen op 'n algemene vergadering, 'n ander winsgewende amp, behalwe dié van besturende Raadslid of bestuurder, by die Akademie beklee; of
(c) by skriftelike kennisgewing van die Akademie en die Registrateur uit sy amp bedank; of
(d) van twee agtereenvolgende vergaderings van die Raad afwesig is sonder voorafgaande kennisgewing; of
(e) regstreeks of onregstreeks 'n belang het in 'n kontrak of voorgenome kontrak met die Akademie en versuim om sy belang en die aard daarvan te verklaar op die wyse deur die Wet vereis.

3.1.8 Verkiesing van Raadslede

3.1.8.1 Die Raad word saamgestel soos beskryf in Artikel 3.1.1.1, 3.1.1.2 en 3.1.1.3.

3.1.8.2 Die lede van die Akademie kan op die Algemene Jaarvergadering waarop 'n amp van lid van die Akademieraad op die voormelde wyse ontruim word, of op 'n ander algemene vergadering, die vakature aanvul deur 'n persoon daartoe verkies met inagneming van paragraaf 3.1.1.6.

3.1.8.3 Die lede van die Akademie kan van tyd tot tyd op 'n algemene vergadering die getal raadslede vermeerder, maar so dat die totale getal Raadslede nie te eniger tyd die getal vasgestel ingevolge hierdie Akte (15 lede, plus 3) oorskry nie.

3.1.9 Verrigtinge van Akademieraad

3.1.9.1 Die Raadslede kan vir die afhandeling van sake vergader en hulle vergaderings verdaag of andersins reël soos hulle goed dink. Vrae wat op 'n vergadering ontstaan, word met 'n meerderheid van stemme beslis. In die geval van 'n staking van stemme, het die voorsitter 'n tweede of beslissende stem ten opsigte van sake. Indien persone ter sprake is, word 'n beslissing geneem deur die lot te werp.

3.1.9.2 Vier Raadslede kan, en die sekretaris moet op versoek van die vier Raadslede, te eniger tyd `n vergadering van die Akademieraad belê.

3.1.9.3 Behoudens die bepalings van Artikels 75 tot en met 78 van die Wet, mag 'n Raadslid nie ten opsigte van 'n kontrak of voorgenome kontrak met die Akademie waarin hy 'n belang het of 'n aangeleentheid het wat daaruit voortspruit, stem nie. Indien hy aldus stem, word sy stem nie getel nie.

3.1.9.4 Ondanks 'n vakature in hulle midde kan die oorblywende Raadslede optree, maar indien en vir solank as wat hulle getal minder is as die getal wat deur of ingevolge hierdie Akte as die vereiste kworum van Raadslede vasgestel is, kan die oorblywende Raadslede optree met die doel om die getal Raadslede tot daardie getal te verhoog of om 'n algemene vergadering van die Akademie te belê, maar met geen ander doel nie.

3.1.9.5 Die Raadslede kan enige van hulle bevoegdhede delegeer aan komitees wat uit die lid of lede uit hulle midde bestaan wat hulle goeddink. 'n Komitee aldus saamgestel, moet hom by die uitoefening van die bevoegdhede aldus gedelegeer, by die reëls hou wat die Raadslede aan hom oplê.

3.1.9.6 Alle handelinge wat verrig is deur 'n vergadering van die Raadslede of 'n komitee van Raadslede of deur 'n persoon wat as 'n Raadslid optree, is, ondanks die feit dat agterna ontdek word dat daar een of ander gebrek was in die aanstelling van sodanige Raadslid of persoon wat optree soos voormeld, of dat hulle of enige van hulle gediskwalifiseer was, net so geldig asof elke sodanige persoon behoorlik as Raadslid aangestel was en gekwalifiseer was om 'n Raadslid te wees.

3.1.10 Rekeningkundige rekords

3.1.10.1 Die rekeningkundige rekords moet by die geregistreerde kantoor van die Akademie of by die ander plek of plekke wat die Raadslede goeddink, gehou word en moet altyd ter insae van die Raadslede beskikbaar wees.

3.1.10.2 Die Akademieraad moet van tyd tot tyd bepaal of, en in watter mate en op welke tye en plekke, en onder welke voorwaardes of regulasies, die rekeningkundige rekords van die Akademie of die een of ander deel daarvan ter insae van Iede wat nie Raadslede is nie, beskikbaar is, en geen lid (wat nie 'n Raadslid is nie) is op insae van rekeningkundige rekords of dokumente van die Akademie geregtig nie behalwe vir sover as wat die Wet die reg verleen of die Raadslede of die Akademie op 'n algemene vergadering hom daartoe gemagtig het.

3.1.11 Finansiële jaarstate en tussentydse verslae

3.1.11.1 Die Akademieraad moet van tyd tot tyd ooreenkomstig Artikel 30 van die Wet die finansiële jaarstate, groepsfinansiële jaarstate en groepsverslae (as daar is) waarna in daardie Artikels verwys word, laat opstel en aan die Akademie op 'n algemene vergadering laat voorlê.

3.1.11.2 'n Afskrif van finansiële jaarstate moet minstens een-en-twintig (21) dae voor die datum van die vergadering aan elke lid van die Akademie en aan die Registrateur gestuur word per e-pos: met dien verstande dat hierdie Akte nie vereis dat 'n afskrif van daardie dokumente aan 'n persoon wie se adres aan die Akademie onbekend is, gestuur word nie.

3.1.12 Oudit

3.1.12.1 Aanstelling van ouditeure:

(a) Op elke jaarvergadering word 'n ouditeur of ouditeure aangestel om aan te bly vanaf die sluiting van daardie jaarvergadering, tot die sluiting van die volgende jaarvergadering.
(b) Die Akademieraad kan enige toevallige vakature in die amp van ouditeur aanvul.
(c) Geen ouditeur of 'n vennoot/direkteur in sy firma of `n direkte familielid van die ouditeur mag lid wees van die Akademieraad nie.
(d) Ouditeure mag nie betrokke wees by die opskryf van rekenkundige rekords nie, of by die opstel van bestuursate nie.

3.1.12.2 Pligte en regte van ouditeure:

(a) Die ouditeure moet aan die lede verslag doen oor die rekenings wat deur hulle ondersoek is, en oor elke balansstaat, elke inkomste- en uitgawerekening, en die verslag moet verklarings bevat aangaande die volgende sake:
    (i) Of hulle die bestaan van die sekuriteite ondersoek het, of hulle hulself van die bestaan daarvan vergewis het, en die boeke, rekenings en bewysstukke van die Akademie ondersoek het;
    (ii) Of hulle al die inligting en verklarings verkry het wat na hul beste wete en oortuiging vir die doel van hul ouditering nodig was;
    (iii) Of, na hul mening, behoorlike rekeningboeke gehou is, vir sover dit blyk uit hul ondersoek van daardie boeke;
    (iv) Of die onderhawige balansstaat en inkomste- en uitgawerekening in ooreenstemming met die rekeningboeke en 'n ware en redelike weergawe van die stand van die Akademie se sake en van die oorskot of tekort is;
    (v) Die ouditeure het te alle tye reg van insae in die boeke en rekenings en bewysstukke en is geregtig om van die amptenare van die Akademie inligting en verduidelikings te vereis wat hulle nodig ag vir die nakoming van hulle pligte as ouditeure.

3.1.13 Kennisgewings

3.1.13.1 'n Kennisgewing kan gegee word deur die Akademie aan 'n lid of by advertensie of persoonlik, of dit kan per e-pos of gewone pos gestuur word in 'n gefrankeerde brief gerig aan die lid by sy geregistreerde adres, of (as hy nie 'n geregistreerde adres in die Republiek het nie) by die adres, (as daar is), in die Republiek wat hy aan die Akademie verskaf het, as die adres waar kennis aan hom gegee kan word.

3.1.13.2 Kennis van elke algemene vergadering moet op die een of ander gemagtigde wyse gegee word:

(a) aan elke lid van die Akademie behalwe, in die geval van kennisgewings wat persoonlik gegee moet word of per e-pos of gewone pos gestuur moet word, daardie lede (met geen geregistreerde adres binne die Republiek nie) wat nie 'n adres in die Republiek aan die Akademie verskaf het nie as die adres waar kennis aan hulle gegee kan word;
(b) aan die diensdoende ouditeur van die Akademie.

(c) Niemand anders is geregtig om kennis van algemene vergaderings te ontvang nie.

3.1.13.3 'n Kennisgewing per pos word geag bestel te gewees het op die tydstip wanneer die brief wat die kennisgewing bevat, gepos is, of die datum waarop die e-pos gestuur is, en 'n kennisgewing by wyse van advertensie word geag gegee te gewees het op die dag waarop die advertensie in die Staatskoerant gepubliseer is, en by die bewys dat die kennisgewing per pos gegee is, is dit voldoende om te bewys dat die brief wat die kennisgewing bevat, behoorlik geadresseer en gepos is. Wanneer 'n gegewe getal dae kennis of kennis wat oor 'n ander tydperk strek, gegee moet word, word die dag van bestelling nie in die getal dae of die tydperk ingereken nie.

3.1.13.4 Die ondertekening van 'n kennisgewing deur die Akademie kan geskrewe of gedruk of gedeeltelik geskrewe en gedeeltelik gedruk wees.

3.1.14 Die Dagbestuur van die Raad (hierna genoem "Dagbestuur")

3.1.14.1 Die Dagbestuur bestaan uit sewe lede, saamgestel soos in 3.1.1.4r bepaal.

3.1.14.2 Indien 'n lid van die Dagbestuur nie 'n vergadering kan bywoon nie, kan die voorsitter 'n ander lid van die Raad koöpteer om as sekundus die bepaalde vergadering by te woon. So 'n sekunduslid het dieselfde status op die vergadering as 'n volle lid van die Dagbestuur.

3.1.14.3 Die kworumvereiste vir die vergadering van die Dagbestuur is vyf (5) lede. Die voorsitter het benewens sy gewone stem ook 'n beslissende stem.

3.1.14.4 Die Dagbestuur vergader minstens twee maal per jaar.

3.1.14.5 Die Dagbestuur kan sake afhandel wat deur die Raad na hom verwys is.

Sake wat so dringend is dat dit nie tot die volgende Raadsvergadering kan oorstaan nie kan, met vooraf kennisgewing aan die Akademieraad, deur die Dagbestuur afgehandel word.

3.1.14.6 Die Dagbestuur kan portefeuljes aan sy lede toewys om alle aktiwiteite van die Akademie te dek.

3.1.15 Finansiële sake

3.1.15.1 Die boekjaar van die Akademie val saam met die kalenderjaar, met ander woorde die finansiële jaareinde van die Akademie is die laaste dag van Desember.

3.1.15.2 Die Akademieraad hou bankrekenings op naam van die Akademie by goedgekeurde bankinstellings.

3.1.15.3 Die Raad kan gelde wat nie onmiddellik benodig word nie, belê by sulke inrigtings of instansies as wat hy van tyd tot tyd vir die doel aanwys en ooreenstem met die bevoegdhede van die Akademie soos uiteengesit in die Akte van Oprigting. Die Hoof Uitvoerende Beampte moet dus toesien dat:

(a) 'n Beleggingsregister gehou word waarin alle beleggings met volledige besonderhede aangedui word;
(b) 'n Aparte rekening waar nodig ten opsigte van elke spesifieke fonds opgestel word waarin kapitaal, inkomste en uitgawes van sodanige fondse opgeteken moet word;
(c) Winste op die verkoop van beleggings herbelê word.

3.1.15.4 Reis- en verblyfkoste

Reis- en verblyfkoste is betaalbaar ooreenkomstig die voorwaardes en tariewe wat deur die Akademieraad bepaal word. Alle eise ten opsigte van reis- en verblyfkoste moet skriftelik ingedien word.

3.1.15.5 Registers van effekte en ander bates

(a) Die Hoof Uitvoerende Beampte kan, met goedkeuring van die Akademieraad, dokumente van waarde by goedgekeurde finansiële instellings laat bewaar onder sulke voorwaardes as wat van tyd tot tyd deur die Akademieraad of die Oudit- en Risikobestuur komitee goedgekeur word.
(b) Registers moet gehou word van motorvoertuie, kantoormeubels en masjiene en verhandelbare goedere. Hierdie registers moet op datum gehou word.
(c) Register van vaste eiendom en die gepaardgaande inhoud moet gehou word.

3.1.15.6 Rekeningboeke

Die Hoof Uitvoerende Beampte dra sorg dat onderstaande rekeningboeke behoorlik bygehou en veilig bewaar word:

(a) kasboeke, waarin alle ontvangste en betalings opgeskryf word;

(b) 'n kleinkasboek, waarin alle kleinere kontantbetalings opgeskryf word;

(c) 'n grootboek, waarin gedetailleerde rekenings ten opsigte van elke fonds en diens gehou word;

(d) 'n ontvangsregister vir die opskryf van alle gelde deur die pos ontvang;

(e) 'n duplikaat-kwitansieboek (waarop die naam van die Akademie verskyn en wat in numeriese volgorde gedruk is) vir uitreiking van kwitansies ten opsigte van alle ontvange gelde;

(f) 'n duplikaat-bankdepositoboek; en

(g) 'n kwitansieboek in terme van 18A van die Inkomstebelastingwet, Wet 58 van 1962.

Alle rekeningkundige rekords moet gehou word, ingevolge die voorskrifte van Artikel 28 van die Wet.

3.2. FAKULTEITE

3.2.1 Die Akademie bestaan uit die geledere van die Kunste en Geesteswetenskappe; en Natuurwetenskap en Tegnologie se vakgebiede.

3.2.2 Die Akademieraad wys verskillende vakrigtings aan bepaalde fakulteite toe. Dit impliseer dat elke lid van die Akademie by een van die twee fakulteite ingeskakel is.

3.3. KOMMISSIES

3.3.1 Algemeen

3.3.1.1 Die Akademieraad is by magte om bepaalde kommissies aan te stel om hom te help met die uitvoering van sy taak.

3.3.1.2 Elke kommissie word deur die Raad aangestel uit die name van persone wat deur die uittredende kommissie voorgelê word. Die Raad kan self ook name op die groslys plaas. Lede van albei fakulteite kan aangewys word om in 'n kommissie te dien.

3.3.1.3 Die dienstermyn van 'n kommissie is drie jaar, maar kan verleng word.

3.3.1.4 Die lede van 'n nuutverkose kommissie kies self uit eie geledere 'n voorsitter, ondervoorsitter en 'n sekretaris.

3.3.1.5 Elke kommissie stel sy eie reglement op en lê dit vir bekragtiging aan die Akademieraad voor.

3.3.1.6 Elke kommissie lê jaarliks 'n verslag van hulle werksaamhede aan die Akademieraad voor.

3.3.2 Die Oudit- en Risikobestuurkomitee

3.3.2.1 Die Oudit- en Risikobestuurkomitee bestaan uit die volgende persone:

(a) die voorsitter van die Oudit- en Risikobestuurkomitee aangewys deur die Akademieraad;
(b) die voorsitter van die Akademieraad ex officio met stemreg;
(c) die Hoof Uitvoerende Beampte ex officio sonder stemreg;
(d) minstens nog drie lede; en
(e) een (1) lid wat vanweë sy/haar kundigheid deur die Raad aangewys word, indien nodig.

3.3.2.2 Die Oudit- en Risikobestuurkomitee word deur die Akademieraad aangestel uit die name van persone wat deur die uittredende Komitee voorgelê word. Die Akademieraad kan self ook name op die groslys aanbring.

3.3.2.3 Die dienstermyn van die Komitee word deur die Akademieraad bepaal.

3.3.2.4 Die Komitee stel die finansiële begroting van die Akademie op en lê dit vir goedkeuring aan die Akademieraad voor.

3.3.2.5 Die Komitee adviseer die Akademieraad oor die finansiële bestuur van die Akademie.

3.3.2.6 Die Raad kan afhandelingsbevoegdheid ten opsigte van bepaalde sake aan die Komitee toeken.

3.3.2.7 Die Komitee adviseer die Akademieraad oor die beleggings sowel as die finansiële bestuur van die bates van die Akademie.

3.3.2.8 Die Komitee vergader minstens twee maal per jaar.

3.3.2.9 Die Komitee wys uit sy geledere 'n personeelkomitee aan met koöptering waar nodig wat die Akademieraad adviseer oor 'n personeelbeleid en oor die aanstelling, vergoeding en bestuur van die Akademiepersoneel.

3.3.2.10 Die voorsitter van die Oudit- en Risikobestuurkomitee sien toe dat:

(a) 'n doeltreffende stelsel van finansiële administrasie ingestel en instandgehou word;
(b) 'n begroting van inkomste en uitgawe opgestel word en aan die Oudit- en Risikobestuurkomitee voorgelê word;
(c) daar magtiging van die Oudit- en Risikobestuurkomitee en die Akademieraad bestaan vir alle uitgawes wat deur die Akademie aangegaan word, en om betalings te maak ten opsigte waarvan sodanige magtiging bestaan;
(d) dat magtiging vooraf verkry word vir alle buitengewone uitgawes of uitgawes wat die begroting van die Akademieraad oorskry;
(e) dat daar 'n personeelbeleid en diensvoorwaardes opgestel word en dat personeel dienooreenkomstig vergoed en bestuur word.

3.4. AFDELINGS

3.4.1 Die lede kan ingedeel word in 'n aantal afdelings wat verband hou met bepaalde vakgebiede of belangstellingsvelde.

3.4.2 Lede van 'n bepaalde afdeling kan hulself in 'n streek of provinsie organiseer in 'n tak van die afdeling.

3.4.3 Afdelings beywer hulle vir die bevordering van die vakgebied(e) wat onder hulle afdeling ressorteer.

3.4.4 Die bestuur bestaan uit minstens vyf lede en word by die jaarvergadering van die afdeling deur die aanwesige lede verkies.

3.4.5 Die ampstermyn van die bestuur is drie jaar. Bestuurslede is herkiesbaar.

3.4.6 Die bestuur vergader so dikwels nodig en beplan die werksaamhede van die Afdeling.

3.4.7 Die bestuur lewer jaarliks verslag van hulle werksaamhede by die Akademieraad.

3.5. WERKGEMEENSKAPPE

3.5.1 Ten einde die bedrywighede van die Akademie op plaaslike vlak te reël, baken die Akademieraad volgens die aantal lede in 'n bepaalde geografiese streek, 'n gebied af waar 'n Werkgemeenskap tot stand kan kom.

3.5.2 Lede van beide fakulteite is lede van 'n bepaalde Werkgemeenskap.

3.5.3 Werkgemeenskappe dra die naam van die gebied waarbinne dit bestaan.

3.5.4 'n Werkgemeenskap bevorder die doelstellings van die Akademie op plaaslike vlak, stel die Akademie bekend, identifiseer potensiële nuwe lede en stel hulle as lede voor, en bevorder interdissiplinêre werksaamhede asook die gesellige verkeer tussen sy lede.

3.5.5 Die bestuur bestaan uit minstens vyf lede en word by die jaarvergadering van die Werkgemeenskap deur die aanwesige lede verkies.

3.5.6 Die ampstermyn van die bestuur is drie jaar. Bestuurslede is herkiesbaar.

3.5.7 Die bestuur vergader so dikwels nodig en beplan die werksaamhede van die Werkgemeenskap.

3.5.8 Die bestuur lewer jaarliks verslag van hulle werksaamhede by die Akademieraad.

3.5.9 'n Werkgemeenskap kan met 'n spesifieke tak van 'n afdeling of 'n kommissie saamwerk.

3.6. TAAKGROEPE

3.6.1 Lede van die Akademie kan hulleself vrywillig in enkele akademiese kundigheids- en/of belangstellingsvelde indeel om 'n databasis saam te stel.

3.6.2 'n Ad hoc-taakgroep kan uit die databasis saamgestel word om op bepaalde aktuele sake kommentaar te lewer en/of aanbevelings te maak.

3.6.3 Ad hoc-taakgroepe wie se werk eskaleer en van meer permanente aard word, kan die status van 'n Kommissie deur die Raad toegeken word.

ARTIKEL 4 – ALGEMENE BEPALINGS

4.1 TAAL

Die taal van die SAAWK is Afrikaans.

4.2 VOORWAARDES

Spesiale voorwaardes wat op die Akademie van toepassing is en die vereistes, as daar is, bykomend tot die wat in die Wet voorgeskryf word, vir hulle wysiging:

Item 1 van Bylae 1 van die Wet is van toepassing op die Akademie en lees soos volg:

4.2.1 Die inkomste en eiendom van die Akademie, uit welke bron ookal verkry, word uitsluitend aangewend vir die bevordering van sy hoofdoelstelling, en geen gedeelte daarvan mag regstreeks of onregstreeks, by wyse van dividend, bonus of andersins hoe dan ook, aan die lede van die Akademie of aan sy houermaatskappy of filiaal betaal of oorgemaak word nie.

Met dien verstande dat niks wat hierin bepaal is, die betaling ter goeder trou belet van redelike besoldiging aan 'n beampte of diensnemer van die Akademie of aan 'n lid daarvan vir dienste werklik aan die Akademie gelewer nie.

4.2.2 By die likwidasie, deregistrasie of ontbinding word die bates van die Akademie wat oorbly na voldoening aan al sy verpligtinge, gegee of oorgemaak aan:

(i) enige openbare weldaadsorganisasie wat ingevolge Artikel 30 van die Inkomstebelastingwet, Wet 58 van 1962, soos gewysig, goedgekeur is; of

(ii) enige instelling, raad of liggaam wat vrygestel is van belasting ingevolge die bepalings van Artikel 10(1)(cA)(i), wat as sy enigste of vernaamste doelstelling die beoefening van 'n openbare weldaadsaktiwiteit het; of

(iii) enige staatsdepartement of administrasie in die Nasionale of Provinsiale of Plaaslike regeringsfeer van die Republiek van Suid-Afrika, soos bedoel in Artikel 10(1)(a) of (b) van die Inkomstebelastingwet, Wet 58 van 1962,soos gewysig.

Welke organisasies bogemelde bates moet gebruik, alleenlik vir die uitvoering van een of meer openbare weldaadsaktiwiteit.

4.2.3 Indien die Akademie versuim om sy oorblywende bates aldus oor te dra of om redelike stappe te doen om dit oor te dra, word die opgehoopte netto inkomste wat nie uitgekeer is nie, geag 'n bedrag aan belasbare inkomste te wees wat toegeval het gedurende die voorafgaande jaar van aanslag.

4.2.4 In die geval waar die Akademie inkomste ontvang wat verkry word vanuit enige besigheidsonderneming of handelsaktiwiteit –

4.2.4.1 moet sodanige onderneming of aktiwiteit:

(i) integraal en direk verwant wees tot die enigste of vemaamste oogmerk van die Akademie, soos beoog hierin;
(ii) uitgevoer of beoefen word op 'n basis waarvan die oogmerk grootliks is om kostes te verhaal;
(iii) nie 'n resultaat wees van onbillike kompetisie met belastingpligtige entiteite nie.

4.2.4.2 Die onderneming of aktiwiteit moet van 'n toevallige aard wees en grootliks uitgevoer word met ondersteuning op 'n vrywillige basis sonder vergoeding.

4.2.4.3 Die onderneming of aktiwiteit moet goedgekeur word deur die Minister van Finansies deur middel van 'n kennisgewing in die Staatskoerant, met betrekking tot:

(i) die omvang en liefdadige aard van die onderneming of aktiwiteit;
(ii) die direkte verband en verhouding van die onderneming of aktiwiteit met die hoofdoelstelling van die Akademie;
(iii) die winsgewendheid van die onderneming of aktiwiteit;
(iv) die vlak van ekonomiese distorsie wat veroorsaak mag word deur die belastingvrystellingstatus van die publieke weldaadsorganisasie wat die onderneming of aktiwiteit uitvoer.

4.3 KONTRAKTE WAT INLYWING VOORAFGAAN (AS DAAR IS)

Soos per register.

BYLAE 1 – OPRIGTING EN AARD VAN MAATSKAPPY

DEEL A

(Bepalings wat die doelstellings of bevoegdhede van die Maatskappy beperk – Artikel 19(1)(b) van die Wet.)

GEEN

BYLAE 2 – LIDMAATSKAP

1. ALGEMEEN

1.1 Die lede van die Akademie sal nooit minder as sewe (7) wees nie en die ledetal is onbeperk.

1.2 Lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns is oop vir alle persone met die nodige akademiese meriete. Lidmaatskap word bekom deur voorgestel en verkies te word volgens die voorgeskrewe prosedure. Besonderhede is op aanvraag by die Akademiekantoor beskikbaar.

1.3 Vereistes vir lede is:

(a) Onderskrywing van die oogmerke van die Akademie soos in die hoofdoelstelling bepaal.
(b) Suid-Afrikaanse burgerskap, met dien verstande dat die Akademieraad in 'n uitsonderlike geval na goeddunke iemand wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie, tot lid kan verkies.
(c) 'n Hoë akademiese kwalifikasie of ander prestasie wat na die oordeel van die Akademieraad daarmee gelykgestel kan word.
(d) Werk van hoë gehalte as uitkoms van eie navorsing in skriftelike vorm of in die vorm van praktiese prestasie; of kunswerk of kulturele of opvoedkundige werk van hoë gehalte.
(e) Die voorstel word deeglik gemotiveer en die persoon se werk of prestasie volledig aangegee met 'n aanduiding van die gehalte en omvang daarvan.
(f) Die Akademieraad verkies 'n voorgestelde persoon na goeddunke tot lid.

1.4 Lidmaatskap word beëindig wanneer:

(a) 'n Lid sterf.
(b) Uittrede uit die Akademie deur een (1) maand skriftelike kennisgewing aan die Akademie van 'n lid se voorneme om as sodanig te doen, en by verstryking van sodanige kennisgewing sal gemelde lid se lidmaatskap beëindig wees.
(c) 'n Lid meer as twee jaar agterstallig is met sy jaarlikse ledegeld, maar hy kan aansoek doen om herstel van lidmaatskap by betaling van die agterstallige jaargelde en van alle ander gelde wat hy aan die Akademie verskuldig mag wees.
(d) Die Akademieraad kan na goeddunke die lidmaatskap van 'n lid beëindig as hy na die oordeel van die Akademieraad die aansien van die Akademie geskaad het, mits hy eers 'n geleentheid gekry het om hom te verdedig, waarvoor 'n skriftelike antwoord op die hooftrekke van die klagtes teen hom voldoende is.
(e) By verval of beëindiging van lidmaatskap kan so iemand se lidmaatskapsoorkonde deur die Akademieraad opgeëis word.

2. LEDE

2.1 ’n Potensiële lid uit die Kuns- en Geesteswetenskappe, moet:

(a) oor ’n universiteitsgraad of grade (gelykstaande kwalifikasies) wat minstens vyf jaar studie vereis beskik, asook ’n verantwoordelike betrekking in die eie vakgebied beklee of ’n posisie wat kulturele of geesteswetenskaplike arbeid meebring, met dien verstande dat ’n graad of betrekking nie noodsaaklik is in die geval van ’n persoon wat werk van hoogstaande gehalte gelewer het, soos behoorlik in ’n stawende dokument gemotiveer;

(b) gedurende die afgelope vyf jaar wetenskaplik produktief was soos deur ewekniebeoordeling gestaaf, in gevalle waar hierdie bepaling van toepassing is;

(c) eweknie-erkenning op die vakgebied of werkterrein geniet;

(d) in die geval van kandidate uit die visuele kunste (waar tegniese en akademiese opleiding nie ’n vereiste is nie), een of meer van die volgende gedoen of bereik het:

- ’n solo-uitstalling gehou het;

- ’n opdragwerk vir ’n groot gebou voltooi het;

- van sy/haar werke in ’n openbare versameling opgeneem is;

- aansien geniet onder medekunstenaars op hulle spesifieke terrein.

2.2 ’n Potensiële lid uit die Natuurwetenskappe en die Tegnologie, moet:

(a) oor ’n universiteitsgraad of grade (of gelykstaande kwalifikasies) wat minstens vyf jaar studie vereis beskik, asook ’n verantwoordelike betrekking in die eie vakgebied beklee met dien verstande dat ’n graad of betrekking nie noodsaaklik is in die geval van ’n persoon wat werk van ’n hoogstaande gehalte gelewer het, soos behoorlik in ’n stawende dokument gemotiveer;

(b) gedurende die afgelope vyf jaar wetenskaplik produktief gewees het soos deur ewekniebeoordeling gestaaf, in gevalle waar hierdie bepaling van toepassing is;

(c) blyke van eie prestasie en bydrae op natuurwetenskaplike, tegnologiese of opvoedkundige gebied gelewer het.

2.3 Ledegeld word deur die Akademieraad vasgestel en is jaarliks betaalbaar.

3. ASSOSIAATLEDE

Assosiaatlidmaatskap van die Akademie is oop vir alle persone met die nodige akademiese meriete. Assosiaatlidmaatskap word bekom deur voorgestel en verkies te word volgens die voorgeskrewe prosedure. Assosiaatlidmaatskap is `n intreelidmaatskap wat kan lei tot volle lidmaatskap van die Akademie. Besonderhede is op aanvraag by die Akademiekantoor beskikbaar.

4. ERELEDE

4.1 Die Akademieraad kan ’n persoon tot erelid van die Akademie verkies ter erkenning van buitengewone dienste aan Suid-Afrika, aan die Afrikaanse taal, of aan die Akademie in die besonder.

4.2 ’n Persoon wat nie ’n Suid-Afrikaanse burger is nie, kom ook hiervoor in aanmerking.

4.3 'n Persoon wat nie voorheen lid van die Akademie was nie en dan tot erelid verkies word, betaal geen jaargeld nie, maar is geregtig op publikasies waarvoor gewone lede nie ekstra betaal nie.

4.4 Vir 'n persoon wat lid van die Akademie is en dan tot erelid verkies word, geld die volgende:

So 'n persoon behou die regte en voorregte wat hy/sy gehad het, maar betaalgeen ledegeld nie en is nie meer verkiesbaar in die Akademieraad nie; met dienverstande dat wanneer 'n lid van die Raad tot erelid verkies word, die lid sy/haartermyn in die Raad kan uitdien.

5. RUSTENDE LEDE

5.1 'n Lid wat die ouderdom van vyf en sestig (65) jaar bereik, kan by die Akademieraadaansoek doen om as rustende lid geklassifiseer te word.

5.2 Rustende lede betaal ledegeld wat gelyk is aan 25% van dié wat gewone ledebetaal.

5.3 Rustende lede ontvang die Nuusbrief asook uitnodigings na byeenkomste en vergaderings van die Akademie, en kan afsonderlik inteken op een of meer van die tydskrifte deur die Akademie uitgegee.

5.4 Rustende lede is nie stemgeregtig nie.

6. KORRESPONDERENDE LEDE

6.1 Die Akademieraad kan na goeddunke besluit om korresponderende lidmaatskap aan te bied aan akademici in die buiteland wat –

(a) hoë akademiese aansien in hulle eie land geniet;
(b) die oogmerke van die Akademie onderskryf, en
(c) goeie betrekkings met Suid-Afrika voorstaan.

6.2 Die voorstel van so 'n lid geskied skriftelik en moet deeglik gemotiveer en die persoon se werk of prestasie moet volledig aangegee word met 'n aanduiding van die gehalte en omvang daarvan.

DEEL C

(Bepalings wat voorsiening maak vir 'n skema vir die distribusie van die netto bates van die Maatskappy by sy ontbinding, soos vereis deur Item 1(4) van Bylae 2 van die Wet.)
Ontbinding en Likwidasie van die Maatskappy

1. By 'n likwidasie, deregistrasie of ontbinding van die Akademie, word die bate van die Akademie wat oorbly na voldoening aan al sy verpligtinge, gegee of oorgemaak aan 'n ander Akademie of inrigting wat doelstellings het wat soortgelyk is aan sy hoofdoelstellings en wat deur die lede van die Akademie by of voor sy ontbinding aangewys word. Indien die lede versuim om dit te doen, moet sodanige Akademie of inrigting, deur die Hof aangewys word.

2. Die lede van die Akademie kan by 'n algemene vergadering by wyse van spesiale besluit, besluit om die Akademie vrywillig te likwideer in terme van Artikel 80 van die Wet.

DEEL D

(Enige bepalings rakende die wysigings van die Akte, soos beoog in Artikel 16(3) van die Wet; en enige bepalings rakende die direksie se bevoegdheid om reglemente vir die Maatskappy te maak, ooreenkomstig die bepalings van Artikel 15(3) tot (5) van die Wet.)

1. WYSIGING VAN AKTE VAN OPRIGTING

1.1 Die Akte word gewysig soos bepaal in Artikel 16(3) van die Wet; of

1.2 Die lede van die Akademie kan by ’n algemene vergadering by wyse van spesiale besluit, besluit om die bestaande Akte van Oprigting te wysig, met dien verstande dat nie minder nie as 75% van die getal stemgeregtigde lede wat persoonlik of deur volmag teenwoordig is, daartoe ooreenkom. In so ’n geval sal die algemene vergadering die Akademieraad magtig om alle relevante dokumente te onderteken namens die algemene vergadering ten einde die spesiale besluit te registreer ingevolge die bepalings van die Wet. Elke sodanige wysiging moet egter aan die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens voorgelê word vir goedkeuring.

1.3 Elektroniese toestemming mag deur lede aan alle besluite en veranderings gegee word.

2. REGLEMENTE

2.1 Die direksie is bevoeg om, onderhewig aan die bepalings van die Wet en die Akte, van tyd tot tyd reglemente te maak, te wysig of op te hef:

(a) vir die beheer en administrasie van die werksaamhede van die SAAWK; en
(b) vir die samestelling, delegasie van magte en reglemente van komitees van die Raad.

2.2 Die reglemente is bindend op die Raad, komitees, kommissies, fakulteite en die personeel van die SAAWK.

2.3 Kennis van die instel, wysiging en opheffing van reglemente asook enige wysiging van die Akte word per pos of elektroniese pos aan betrokkenes bekendgemaak.

Mei 2015